# Pragtige Graniet vir Voortrekkermonument

7/5/37

Mnr. Gerard Moerdijk, argitek van die Voortrekkermonument, het ons Saterdag tydens 'n besoek aan die stad meegedeel dat hy pragtige graniet vir die bou van die monument dertig myl van Messina (Noord-Transvaal) gevind het. Hy is baie ingenome met die vonds en verklaar dat dit van die mooiste en beste graniet ter wêreld is.

Volksblad